No 2 - 2024] First Session, Seventh Parliament

# MINUTES OF PROCEEDINGS

OF THE

# PARLIAMENT OF THE PROVINCE OF THE WESTERN CAPE

=========================

THURSDAY, 4 JULY 2024

1. The House met at 14:15.

2. The Speaker took the Chair and read the prayer.

3. [14:16] The Speaker made a general announcement regarding the sitting of the Western Cape Provincial Parliament in accordance with Rule 1A of the Standing Rules pertaining to Members in remote attendance by electronic means.

4. [14:19] FIRST ORDER

   Consideration of the report of the Rules Committee of 25 June 2024 on the proposed allocation of whips per party, the composition of the Programming Authority, the allocation of committees, the representation on committees and the nomination of a Member as Trustee representing the WCPP on the Political Office-Bearers Pension Fund Board of Trustees, namely Honourable Member A W Bredell as the Trustee and Honourable Member D J Wessels as the Alternate. (See Announcements, Tablings and Committee Reports, no 5, dated 1 July 2024, p 16.)

   Question put: That the Report of the Rules Committee be adopted.

   Question agreed to.

   The Report accordingly adopted.

5. [14:20] The Chief Whip of the Majority Party (Mr G Bosman) moved: That in terms of section 6(3)*(b)* of the Remuneration of Public Office Bearers Act, 1998 (Act 20 of 1998), the upper limits of the salary and allowances of the Premier of the Western Cape, as proclaimed by the President of the Republic of South Africa by Proclamation no 167 of 2024, published in *Government Gazette* no 50757 dated 5 June 2024, be determined as the salary and allowances of the Premier of the Western Cape.

   Agreed to.

6. [14:23] The Chief Whip of the Majority Party (Mr G Bosman) moved: That the following Members be appointed in accordance with Standing Rule 24 to act as temporary presiding officers:

Kaizer-Philander, W F (DA)

Van Minnen, B M (DA)

Wessels, D J (DA)

Nkondlo, N D (ANC)

Petrus, B (PA)

Lithakong, T (EFF)

Agreed to.

7. The House adjourned at 14:25.



Digitally signed by Romeo Adams
Date: 2024.07.04 15:08:20 +02'00'

Romeo Adams
Secretary to Provincial Parliament

# NOTULE VAN VERRIGTINGE

VAN DIE

# PARLEMENT VAN DIE PROVINSIE WES-KAAP

========================

DONDERDAG, 4 JULY 2024

1. Die Huis kom om 14:15 byeen.

2. Die Speaker neem die Stoel in en lees die gebed voor.

3. [14:16] Die Speaker doen ŉ algemene aankondiging met betrekking tot die sitting van die Wes-Kaapse Provinsiale Parlement in ooreenstemming met Reël 1A van die Staande Reëls van toepassing op Lede wat op afstand teenwoordig is met behulp van elektroniese middele.

4. [14:19] EERSTE ORDER

   Oorweging van die verslag van die Reëlskomitee van 25 Junie 2024 oor die voorgestelde toewysing van swepe volgens party, die samestelling van die Programmeringsgesag, die toewysing van komitees, die verteenwoordiging in komitees en die benoeming van ŉ Lid as Trustee wat die WKPP verteenwoordig in die Trusteeraad van die Pensioenfonds vir Politieke Ampsdraers (“Political Office-Bearers Pension Fund Board of Trustees”), naamlik agbare Lid A W Bredell as die Trustee en agbare Lid D J Wessels as die Alternatief. (Sien Aankondigings, Tertafelleggings en Komiteeverslae, no 5, gedateer 1 Julie 2024, bl 16.)

   Vraag gestel: Dat die Verslag van die Reëlskomitee aangeneem word.

   Vraag goedgekeur.

   Die Verslag is dus aangeneem.

5. [14:20] Die Hoofsweep van die Meerderheidsparty (mnr G Bosman) stel voor: Dat, ingevolge artikel 6(3)*(b)* van die Wet op die Besoldiging van Openbare Ampsbekleërs, 1998 (Wet 20 van 1998), die boperke van die salaris en toelaes van die Premier van die Wes-Kaap, soos aangekondig deur die President van die Republiek van Suid-Afrika by Proklamasie no 167 van 2024, gepubliseer in die *Staatskoerant* no 50757, gedateer 5 Junie 2024, bepaal word as die salaris en toelaes van die Premier van die Wes-Kaap.

   Goedgekeur.

6. [14:23] Die Hoofsweep van die Meerderheidsparty (mnr G Bosman) stel voor: Dat die volgende Lede in ooreenstemming met Reël 24 as tydelike voorsittende beamptes aange-stel word:

   Kaizer-Philander, W F (DA)

   Van Minnen, B M (DA)

   Wessels, D J (DA)

   Nkondlo, N D (ANC)

   Petrus, B (PA)

   Lithakong, T (EFF)

   Goedgekeur.

7. Die Huis verdaag om 14:25.

Romeo Adams
Sekretaris van die Provinsiale Parlement